Tema: Ons moet nie dat die sondige wêreld ons denke en lewe vorm nie, maar laat God ons verander sodat ons sy wil kan ken en doen.

Vooraf sang
Sb 2-2: 1, 2
Sb 1-2: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied as votum: Ps 121-1: 1
Seën
Loflied Ps 1-1: 1, 4
Geloofsbelydenis: Sing Sb 12-3: 1, 2

Verootmoedigingsdiens
Wet: Lees Galasiërs 5: 13 – 26
Sing Ps 119-2: 17, 19
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Romeine 12: 1 – 2
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing: Sb 15-1: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs) 4 (almal)
Liefdegawes
Gebed vir BnB : Nepal aardbewing
Sing Sb 8-1: 1, 2
Seën
Amenlied Sb 13–3.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Het jy ook al agtergekom hoe die sondige wêreld dit regkry om ons denke te vorm en so ons lewe te verander om soos die wêreld te wees? Die sondige wêreld se manier van dink en doen word ook ons manier van dink en doen.

Baie keer is dit vir gelowiges belangriker om in pas met die wêreld te wees as om in pas met God te wees. Wanneer die staat sekere wetgewing maak of die samelewing sekere norme aanvaar dan dink ons dat ons ook so moet dink en doen. Uit my gesprekke met die jeug word dit baie duidelik dat dit vir hulle baie moeilik is om anders as hulle vriende op te tree. Want wanneer my vriende op ʼn sekere manier dink en optree, dan doen ek ook so want ek wil deel van die groep wees.

Kom ons toets onsself aan ʼn paar voorbeelde:
Die afgelope week het die hof toestemming gegee dat ʼn siek man selfmoord mag pleeg. Van die argumente wat mense voer is: ons sit diere uit hoekom kan ons nie mense hulleself laat doodmaak nie? Wat het jy daarvan gedink? Is selfmoord reg/aanvaarbaar as jy terminaal siek is?

In hoe mate het die samelewing se siening en druk om homoseksuele en lesbiese mense se optrede as normaal te aanvaar, al jou denke daaroor beïnvloed? Dink jy steeds dat dit ʼn gruwel in God se oë is?

In hoe ʼn mate het ons al huweliksontrou en gepaardgaande egskeiding as normaal aanvaar? Dit gebeur nou maar en dit is reg so?

Wanneer die filmwese flieks of stories op TV gradeer en sê tieners en volwassenes kan na 16 of 18 beperkte films kyk, is dit reg dat hulle dan mag kyk naak- en sekstonele en luister na vloek en Godslasterlike taal? Of besluit ek as gelowige anders daaroor? Stel ek vir myself ander beperkinge?

Wat beteken Efesiërs 5: 21 – 23 vir jou? Daar waar God sê man en vrou moet in Christus aan mekaar onderdanig wees, maar die man se rol is die van hoof en die vrou se rol die van ondersteuning? Hoe het die wêreldse optrede van mans of die wêreldse druk oor vroueregte jou denke hieroor gevorm?

Hoe ver is my en jou denke al deur die wêreld gevorm. Brs. en srs., om dit vir ons kinders duidelik te maak wil ek die voorbeeld van ʼn koekdrukker gebruik. Die woord wat Paulus hier gebruik as hy sê: “moenie aan die wêreld gelykvormig word nie” is ʼn woord wat ons aan ʼn koekievorm laat dink. Wyse skyfies 1 en 2 Die vorm of struktuur van die wêreld druk ons lewens soos deeg in die vorm van die koekiedrukker.

Nou wat sê die Here vanmore vir ons hieroor? Ons moet nie dat die sondige wêreld ons denke en lewe vorm nie, maar laat God ons verander sodat ons sy wil kan ken en doen.

Ja, geliefdes, God doen die vormwerk in ons lewe en ons moet ons deur Hom laat verander deurdat Hy ons denke nuut maak sodat ons sy wil kan ken en dit ten volle kan uitleef! Daarom sal ons lewe totaal anders as die van die wêreld wees! Dit moet anders wees en juis die feit dat ons deur God anders gemaak word, moet ons vreugde in die lewe wees!

Hoekom verander God ons? Want Hy het ons in Christus sy eiendom gemaak! Dit is die betekenis van vers 1. Die woorde: “Op grond van God se groot ontferming” beteken dat alles wat nou volg gebeur omdat God ons in Christus gered het, ons sy kinders gemaak het, en ons nou aan Hom behoort! Ons lewe nou nie meer vir onsself nie, maar vir Hom!

ʼn Gelowige laat hom of haar ook deur God vorm juis omdat ons verstaan dat ons nou in Christus die nuwe lewe het. Daarom gebruik Paulus hier baie sterk passiewe werkwoorde: “laat jou verander” en “laat jou denke vernuwe word”. Dit is God se werk omdat ons nou in Christus ʼn nuwe lewe het en onder die heerskappy van Christus lewe! En ek en jy geliefde br. en sr., moet ons gewillig onder hierdie verandering of “make-over” gee! Omdat ek besef dat die lewe in Christus die ware en ewige lewe is, daarom laat ek God my verander en vernuwe sodat ek waardig hierdie nuwe lewe kan lewe.

Hoe verander God ons? Hy sit ons nie weer in ʼn nuwe vorm of boksie nie! Br. en sr. ons as mense is so geneig om vir alles vorms, of skemas of boksies te maak en alles en almal moet daarin pas ! Want sien, dit is makliker! Want ʼn boksie of vorm werk met reëls – gewoonlik mensgemaakte reëls en voorskrifte en solank ek hierdie reëls of voorskrifte nakom, dan pas ek in die vormpie of boksie!
Wysie skyfie 3.
Ons het boksies vir omtrent alles in ons lewe! ʼn Vorm vir hoe ʼn soort werknemer of werkgewer ek moet wees. ʼn Seker vorm vir verhoudings en seksualiteit. ʼn Vorm vir godsdiens – hoe en wat kerk is en erediens gehou moet word ens. ‘ Vorm vir kinderopvoeding – ek maak my kind groot soos ek groot gemaak is. Solank ek die reëls of die vorm van die boksie volg – dan is ek reg!
Ons kan hierdie ook moralisme noem! Solank ek ʼn paar godsdienstige reëls nakom, dan lewe ek reg!

Maar dit is nie hoe God ons verander nie! Hy verander ons na dit wat ons in Christus nuut gemaak is! Paulus gebruik hier die woord “metamorfose”. Dit beteken dat God ons verander en vorm na die nuwe mens wat ons nou in Christus is. Kom ons verduidelik dit vir ons kinders weer met ʼn metafoor:
Wys skyfie 4: ʼn Vlinder ondergaan 4 veranderingsfases in sy bestaan. Die vlinder lê eiertjies, die eiertjie broei ʼn wurmpie uit. Die wurmpie is in sy wese reeds ʼn vlinder maar dit moet nog ʼn verander – ‘metamorfose ondergaan: Dit word ʼn papie as die wurmpie homself toespin en uit die kokon kom ʼn vlindertjie!

Brs. en srs., met Christus se opstanding uit die dood het ons saam met ons opgestaan in ŉ nuwe lewe. God verander ons sodat ons heeltemal anders leef as die wêreld! Ons word verander om ŉ nuwe lewe in Christus te lewe!

En God doen dit deur ons denke, ons gedagtes, anders te maak. Dit te vorm na sy wil wat in sy Woord te vind is. Die woord wat Paulus hier vir "vernuwe" gebruik dui op ŉ totale verskoon die Engels "make-over". Dink aan die TV program waar hulle iemand se huis heeltemal oordoen sodat dit heeltemal anders as tevore lyk. So word ons gedagtes en denke anders as die wêreldse gedagtes en begin ons dink en doen soos God wil.

God, die Heilige Gees, gebruik die Bybel, God se Woord waar ons God se wil vind om ons denke te vorm en ons gedrag te rig. Ons lees op so baie plekke van hierdie vernuwende werk van die Heilige Gees. Ons lees dit vroeër in Rom. 8: ons laat ons lewe nou deur die Gees beheers! In 2 Kor. 3 lees ons dat die Heilige Gees ons so verander dat ons Christus se heerlikheid kan uitstraal. In 2 Tim 3 lees ons dat die Woord in staat is om ons hele lewe verander sodat ons kan leef soos God wil! Die Here Jesus het self gesê dat die Heilige Gees ons sal lei om in sy liefde te lewe!

Brs. en srs., nou kan ons nie meer na die wêreld luister nie, ons kan nie meer dat ander mense en die sondige wêreld ons denke beïnvloed nie! Nee, jou luister ons vir God deur sy Woord en Gees! Waak oor jou denke en weeg wat jy hoor! Moenie dat die regering, wet, hofsprake of vriende jou denke vorm nie, maar die Woord en wil van God.

Wat is die doel van hierdie Goddelike verandering en vernuwing? Dat ek en jy weet wat vir God reg, en goed en aanneemlik is en dat ons ons lewe vrywillig vir Hom leef as ŉ offer wat sy hart bly maak! Dat ons na sy wil leef en nie meer na ons wil of na die wêreld se wil nie. Gee jouself oor aan God dat Hy jou vernuwe.

Br. en sr., God het jou syne gemaak in Christus. Jy is nou nuut en anders! Gee jouself oor aan God! Laat Hy die vormwerk in jou lewe doen! Laat Hy die vlinder in jou na vore laat kom deur jou denke te verander na sy denke is sy Woord. Moenie langer dat die wêreld jou beïnvloed en jou denke en gedrag rig nie! Nee, ek en jy weet wat is reg en ons moet onderskei wat God wil dat ons in elke situasie moet doen! Daarom moet ons ook ons deur die Gees in die Woord laat lei! Ons moet die Bybel ken! Want dan ken ons God se wil!

God sit jou nie ŉ vorm nie – Hy vorm jou denke na sy wil! Dan kan jy in enige gegewe plek, tyd of omstandigheid – in die werk, verhoudinge, kerk en opvoeding – weet wat is reg en verkeerd en lewe soos God wil. Gee jouself vir God as lewende en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is.

Amen